Ps. 68: 1, 2.
Ges. 36: 3, 4.
Ges. 152: 2.

# Die Krag van Bekering

Hand. 19:1-20.

Potch 29 Junie '58
Aark. 12 Aug. '62

Hand. 19:20 – So het die woord van die Here met krag gegroei en sterk geword.

Die stad Efese waarin Paulus hom hier bevind, neem 'n besondere plek in in die opbou v.d. Godsryk en die jong Kerk van Xt. Jesus. As hoofstad van Asië was dit geleë op die kruispunt van 'n aantal grootpaaie wat soos 'n netwerk na d. hele binneland uitgebrei het. Dit was 'n handelstad by uitnemendheid: die groot ~~wêreldmark~~ toegangspoort van Asië.

Die groot godsd. werklikheid van hd. stad was die tempel van Diana – bekend om sy skoonheid, maar ook berug om sy sedeloosheid: 'n sgn. heiligdom waar mense van alle soorte toegelaat is om te kom. Die hele stad was deurtrek van allerlei vorms van towery, van besweringe van onreine geeste & duiwelbesetenheid, van die uitbuiting van die massas se onkunde en bygeloof op 'n skandelike & godonterende manier.

Na hd. stad kom Paulus vir die 2e keer tydens sy derde sendingreis. In hd. stad bereik sy arbeid 'n hoogtepunt – hy bly hier langer as 2 jaar & van hd. stad skrywe hy aan die Korinthiërs sy 1e brief waarin hy sê: „Maar ek sal in Efese bly tot Pinkster toe. Want 'n groot en kragtige deur het vir my oopgegaan, en daar is baie teëstanders."

Dit lei ons om te let op:

## I Die Magte teen Paulus & sy Evangelie saamgetrek:

1) Daar was in die eerste plek die teenkanting van sy eie volksgenote, mede-Jode wat hom teëgestaan het in die sinagoge, wat hulle

verhard en verset het teen sy boodskap sodat hy die sinagoge moes verlaat en in die skool van Tirannus moes uitwyk weer:

2) Die groter & geweldige teenstand wat hy later ondervind in die besigheidsmense wie se beroep (gegrond op die verkoop van klein replikas v.d. beroemde tempel v. Diana) 'n groot knou gekry het deur d. uitwerking v.d. Ev.

3) Die grootste teenkanting: van die bose magte, van geestel. kragte in die diens van Satan wat hulle met alle geweld saamtrek en versit teen die Gees van God. Daar skryf Paulus aan hd. gemeente (Efese 6:12): "Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers v.d. duisternis van hd. eeu, teen die bose geeste in die lug". Dit was asof al d. magte v.d. onderwêreld, al die heerskappy van Satan saamgetrek is tot 'n groter poging om Paulus se boodskap te laat skipbreuk ly. Hier soos nerens anders, word Paulus bewus v.d. onsigbare magte v.d. Bose wat stry om heerskappy te verkry oor d. siel v.d. mens!

→ Ons: Oë oop vir hd. geesteskragte v.d. Bose wat wil heers?

→ Ons: ook soms in diens v. Satan: as ons gesindhede aanneem, ons motiewe ommin, ons metodes onheilig! Bidure of besighd.: diensplan

II Die Mag wat God tot Sy Beskikking Stel:

Maar God slaap nie. Juis omdat God bewus is van hd. dinge stel Hy besondere werkinge van godd. kragte tot beskikking van hd. godsman om die oorwinninge



uit die Godsryk dies te groter v wonderliker te maak. Want God ken Efese – ken die strate geïse ligging van hd. goddelose stad – ken sy mense wat daar staan – ken sy gemeente wat Hy daar gaan bou!

2) Gee aan Paulus d. mag om te volhard vir twee jaar, "sodat al die inwoners van Asië die woord v.d. Here Jesus gehoor het, Jode sowel as Grieke". Ons moenie dink dat dit sommer so vanself gekom het nie: gepaard gegaan met baie groot opoffering en inspanning v vernedering: (Toespraak ouderlinge by Mileté):

a) "Julle weet hoe ek .... die Here gedien het met alle nederigheid en baie trane en beproewinge wat oor my gekom het deur die lae planne v.d. Jode" (vs. 19)

b) "Niemand se silwer of goud of klere het ek begeer nie; maar julle weet self dat hierdie hande voorsien het in die behoeftes van my en die wat by my was" – Verduidelik waarom hy tente gemaak het.

3) Gee aan Paulus mag om te genees: (vs. 11 en 12)

a) ligg. kwellinge

b) Geest. versteuringe: as antwoord op hd. anderr magte.

1) ~~2)~~ Gee aan Paulus mag om d. Evangelie te verkondig:

– met krag & seën: mense verander

## III Die Mag van Verlossing wat deurwerk op alle terreine

a) Belydenis van sonde: (vs. 18) ~~Of hulle dit~~ Dis duidelik dat dit 'n belydenis was in die kring v.d. gemeente („hulle dade bekend gemaak"); dis ook duidelik dat dit in die eerste plek gegaan het oor die deelname aan towery & geestesbeswerings waarmee die 7 seuns van Skeva ook besig was: die hele gebeurtenis (vs. 13-16) het die gemeente tot in sy fondamente geskud en baie kerkmense oortuig v. sondes wat hulle voorheen nooit as sonde wou sien of erken nie!

→ Ons: Belydenis van ons sondes

b) Beoefening van eerlikheid: Boeke i.v.m. die towery gebruik: goedkoopste berekening stel dit op £5000 — in dd. tyd 'n geweldige bedrag. Spontane, vryw. daad van gelowiges (nie die heidene s'n). So duur omdat dit al d. geheime formules i.v.m. hulle towery bevat het.

→ Hier lê vir my d. aanduiding v.d. optrede v.d. Kerk & Xt-huis op bv. die sede-ondermynende leesstof van ons tyd: Noodsaaklik dat d. staat ook sy plig doen deur nadere keuring & sensuur — maar die belangrikste bydrae moet uit kom v. Xtene ~~wat~~ wie se lewens so gereinig & geheilig word deur d. krag v.d. evangelie dat hulle uit eie beweging begin skoonmaak & verbrand wat hulle nou nie meer nodig het nie!